TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 1/3/2017 **Datum: 27 Julie 2017**

Uit die kantoor:

Die Tjokkie-onnies het ontwaak uit hulle winterslapie en is al weer volstoom besig om u kinders in liefde te onderrig. Ek weet u is baie bly dat die skool weer begin het. Glo dit as u wil of nie, maar ek en die onnies ook. ‘n Mens raak nogals geheg aan die spulletjie en mis hulle na ‘n tyd.

Godsdiensbeleid
U het waarskynlik in die pers gelees van die hofsaak en polimiek rondom Christenskap in skole. Ons huidige Godsdiensbeleid is dien-ooreenkomstig die skolewet opgestel en ek is van mening dat ons hieraan voldoen. U kan dit gerus op die webblad bestudeer. Die Beheerliggaam sal egter binnekort vergader om seker te maak dat ons steeds in lyn met die wet en hofuitspraak is. Indien u enige navrae het skakel my gerus.

Hokkie
Dis weer hokkiekwartaal en met dié dat 550 leerders hieraan deelneem en ons van 30 studente gebruik maak om af te rig, kan daar iets deur die sif val. Ek vra asb u begrip en nooi u uit om enige misverstande en onduidelikhede met die afrigters, koördineerders of mnr Philip Marais (Hokkiehoof) uit te klaar. Sien ook die inligtingsbrief wat einde verlede kwartaal aan u gestuur is. Dit is ook op die webblad.

Rapporte
U ontvang die week u kind se rapport. Bestudeer dit en indien u oor iets bekommerd is, is die oueraand die ideale geleentheid om dit met die onderwyser te kom bespreek. Die meerderheid Tjokkies het egter pragtig presteer en ek is trots op elkeen wat net sy beste gelewer het.

Oueraand (7 Augustus)

Skakel asb die kantoor vir ‘n afspraak. Die onderwysers is van 16:00-19:00 beskikbaar. Indien dit u nie pas nie is u ook welkom om met die onderwyser te skakel en ‘n alternatiewe afspraak te maak.

Snoepie
Kyk volgende week uit vir ‘n spesiale skrywe ivm die snoepie.

Ligabepalings:
Vir u gerief heg ons ook die hokkie- en tennisligabepalings aan.

Personeelsake

Juf Ursula het Dinsdag ‘n babaseun ryker geword. Welkom aan Dorette Smith wat aflos in juf Ursula se plek.

Mnr Antonie ondergaan Donderdag ‘n breukoperasie.

Juf Elsabé (KS hoof) ondergaan bestraling as voorsorgmaatreël vir ‘n nie-kwaadaardige gewas wat verwyder is.

Me Liezl Hiten, jeugwerker, herstel goed na ‘n operasie en sal weer volgende week op haar pos wees.

BELANGRIKE DATUMS:

28 Julie: Die Graad 6 leerlinge keer om 11:00 terug van die Buitelugskool. Hulle mag dan huis toe gaan.

Die skool sluit om 12:00 vir al die leerlinge. Vra maar vir hulle wat die rede is.

29 Julie: Eunice se hokkie toernooi. Al die spelers wat deelneem ontvang ‘n skrywe.

31 Julie:
Buitemuurs begin volstoom. Sien die program wat verlede kwartaal ge-epos is. Die rooster is ook op die webblad.

Dogters tennisliga begin

1 Aug: Seniorkoor neem deel aan die Foyerproduksie. Hulle sal ook die reëlings ontvang.

1 Aug: Die laaste skaakliga.

2 Aug: Seuns tennisliga begin

4 Aug: Die leerlingraad woon Jeugberaad by Sentraal Hoër by. Vir die res van die graad 7 leerlinge is daar gedurende hierdie tyd ‘n spanbousessie gereël. Finale reëlings volg eersdaags.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

KLEREBANK

Aangesien die skool Vrydag om 12h00 sluit, sal die klerebank dus nie oop wees nie. Dit sal weer Maandag gewone tyd van 7h30 tot 9h00 oop wees.

PRETDAG-BORGE

Dankie aan die volgende borge wat die Pretdag verlede kwartaal moontlik gemaak het:

SHC Consulting
ITAU
ER24
Kloppers
Standard bank
ABSA Huislenings
Mediclinic
Life Rosepark Hospitaal
Greyhound
Hair@Karene
New U
SA National Blood Service
Elevate Cycles and Clothing
Coopervision
Pharma Dynamics
JHT verspreiders
Sneakers
Ray's
Twizza
Impa verwe

TJOKKIE-HOKKIE TOERNOOI

Hou asb Saterdag 12 Aug oop en kom geniet die dag saam met ons by die Universiteit se sportgronde. Ons is van vroegoggend daar tot ongeveer 14h00. Ouers wat wil hulp aanbied met braai of verkope wat nie kinders in gr 3,5 of 6 het nie, kontak asb vir Mari Fourie by 082 413 6702. Graad 3, 5 en 6 leerders ontvang Maandag briewe wat u asb kan invul om u hulp aan te bied. Kyk asb uit hiervoor.

Die Kleuterskool stel hulle Tjokkie-karnaval uit om dit later in die kwartaal met hulle kleuter-sportdag (21 September) te kombineer. (Dit vind dus nie plaas soos op die skool se kalender aangedui nie.)

SNUFFELS

BULTFONTEIN BOERTJIEFEES
31 AUG – 2 SEPT 2017
Kom geniet die plattelandse gasvryheid tydens die jaarlikse Boertjiefees te Bultfontein vanaf 31 Augustus – 2 September 2017 Spesiale gesinspakkette teen R500 is verkrygbaar vir 2 volwassenes en 2 skoolgaande kinders (7 – 18 jaar) wat u toegang tot die fees en alle vertonings gee vir die duur van die fees. Toegang vir kinders 0 – 6 jaar is gratis.

Besoek die webwerf www.bultfonteinboertjiefees.co.za. Gaan na die "menu"(Ξ) regs bokant die "facebook" merker en kies "Hoogtepunte" vir volledige inligting oor die fees. Verskeie kunstenaars, bulletjierugby, pienkhandjienetbal, ±150 uitstallers, verskeie kompetisies, damesprogramme, sokkie, vermaak vir oud en jonk, ens is te sien.

Kontak Johan du Preez by 082 200 9349 **of** jmdup53@gmail.com vir die bespreking van u pakkette. Hy sal dit by u kind se skool aflewer.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.



Super Kids Rugby Akademie

Graag nooi ons alle belangstellende ouers om weer hul kinders te laat inskakel by Tjokkies se Rugby Akademie. Spelers wat reeds verlede jaar hierby ingeskakel het, se vaardighede het reeds heelwat hierby gebaat. Ons skop weer hierdie kwartaal af op Vrydag 4 Augustus 2017 vir alle belangstellendes.

Tye:
Gr 1-2 om 13:15-14:00
Gr 3-6 om 14:00-15:00

Vir enige verdere navrae kan mnr. H. Ras by 0825785948 gekontak word.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

HOKKIE LIGABEPALINGS

BYEENKOMS	DATUM	SEUNS	DOGTERS
Eunice Festival (nie O/9 en O/11)	29 Julie		
Liga	3 Aug	Bye	SMS
Liga	10 Aug	SAINTS	**OMS**
Tjokkies Festival	12 Aug		
Liga	17 Aug	JF	**JF**
Liga	24 Aug	**GREY**	EUNICE
O/13 Toer Klerksdorp	24-27 Aug		
JF Festival	26 Aug		
Liga	31 Aug	PBS	**PBS**
Liga	7 Sept	**WP**	WP
Liga	14 Sept	**FP**	FP

L.W.: Die wedstryde word by die skool wat **onderstreep** is se velde gespeel.

O/14 TENNIS LIGABEPALINGS

(TUISSPANNE WORD EERSTE GENOEM)

DATUM	O/14 SEUNS (2e liga)	O/14 SEUNS (3e liga)
2 Aug	PBS A vs Univ A	Univ B vs FHP B
16 Aug	JF vs Univ A	Univ B vs Zastron B
23 Aug	Univ – loslootjie	Univ B vs Zastron A
30 Aug	Univ A vs Grey C	Univ B vs Dr V
6 Sept	Grey D vs Univ A	Curro vs Univ B
13 Sept	PBS B vs Univ A	Univ B vs SPS
20 Sept	Univ A vs WP B	Univ B - loslootjie
DATUM	**O/14 DOGTERS (2e liga)**	
31 Jul	Univ vs OMS C	
7 Aug	JF vs Univ	
14 Aug	Univ – loslootjie	
21 Aug	Univ vs FHP B	
28 Aug	Univ vs Pres. S	
4 Sept	Univ vs OMS D	
11 Sept	WP B vs Univ	

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com